

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 22 - nr. 15)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

10 April 2022

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Openbaring 14: 1 - 20

Teks: Openbaring 14: 1, 15, 18

Sing- VOORAF SANG: Ps. 18: 1, 12

TYDENS EREDIENS: Ps. 31:1,2; Ps. 128:1;

Ps. 26:1,6; Ps. 66:1, 6

JOU EN MY TUISKOMS: STEEK DIE SEKEL IN.

- Die skouspel wat gesien kon word.
- Dinge wat gehoor kon word.
- Drie dramatiese engel-aankondigings.
- Engele se werk ...
- Steek jou sekel in ...
- Die druiwetrosse gaan 'n verskriklike gang.

*Erediens eerskomende Vrydag, 15 April
(Goeie Vrydag) sal om 9h30 in ons
kerkgebou wees.*

Vooraf sang: Ps. 18: 1, 12

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 31: 1, 2

Geloofsbelydenis

Apostoliese Geloofsbelydenis

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 128:1

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps. 26: 1, 6

Skriflesing: Openbaring 14: 1 – 20

Teks: Openbaring 14: 1, 15, 18

Preektema

**JOU EN MY TUISKOMS:
STEEK DIE SEKEL IN.**

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – Diakonie (DVB)
By die deure – Sustentatie klassis

Slotsang

Sing- Ps. 66: 1, 6

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 10 April 2022

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Sustentasië klassis



Sondag: 17 April 2022

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Kerklike tydskrifte

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...

WYK – DIENSBEURT

Vandag- 10 Apr. 2022 Wyk 1

Ouderling: Br Leendert Snyman

Diaken: Vakant

Wyksuster: Sr Miemie Snyman

MEELEWING

- Br Tjaart Snijman is in ons gebede waar sy gesondheid onder groter druk verkeer.
- Sr Marthie Geldenhuys het afgelope week weer 'n opvolg en behandeling gehad met haar oë en ook haar pols. Ons gebed is dat alles vir haar goed mag uitwerk.
- Die al groter bedreiging van sprinkaanswerms wat op ons plase toesak vertrou ons dit onder beheer gehou sal kan word.

VERJAARSDAE

Maandag 11 April Mangan v/d Walt

Maandag 11 April Viljoen v/d Walt

Saterdag 16 April Piet Viviers

Woensdag 20 April Ruwan Muller

Donderdag 21 April Lisa Reinecke

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R552 063 -00
Totaal van dankoffers vir Maart 2022	R125 550-00
Totaal van dankoffers vir April 2022 tot op hede	R15 730-00
Gemiddelde dankoffer per besoekpunt oor 12 maande	R696-00 vir 2021/2022 boekjaar
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 191 012-87
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 240 328-31
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R921-00

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Ons katekisasie werk en roosters is op ons webwerf gelaai. Dit is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>
Laerskool-kategese Katekisasie gaan vandag voort.

Hoërskool – kategese Alle Hoërskool-kindere se katekisasie word elektronies aangebied. Die vyfde les vir hierdie jaar is opgelaai. Hierdie les se werk moet voor Dinsdag 12 April ingehandig wees.

Ouers en kindere kan die huidige les aflaai by <https://youtu.be/HLk-k3uclMw>

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het weer ons Bybelstudie rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord hervat. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

'n Woord van besondere dank na die oproep vir skenking van seep aan Huis Jan Vorster. Ons het berig ontvang dat daar redelike hoeveelheid skenkings ingekom het. Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Ons het ook die afgelope week as VSOD elektronies 'n vergadering kon hou. Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word. Dr. d'Assonville sal DV 24 April weer besoek by ons wil aflê waar ons as geroepe gemeente hom ook na Europa kon stuur. As die Kerkraad dit in orde vind sal hy DV dan ook weer aan ons die Woord van die Here in daardie tyd bedien.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende Diakonievergadering – 22 Mei 2022 (Ná die erediens)
Kerkraadsvergadering- Woensdag 25 Mei 2022 om 18h00

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>


STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 3/4/2022	38
Kollekte Diakonie 3/4/2022	R2125-00
Kollektes by deure 3/4/2022	R747-00
Kollekte Dorkas susters 27/03/2022	R1178-00
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

Ons het nog 'n klein voorraad hout om te koop aan te bied. Dit is in die teekamer beskikbaar. Koste is R25-00 per sakkie. U kan die koster, br Francois Marais (076 612 2255) of dr Petrus kontak as u graag van die hout wil aanskaf.



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za